



# Winter Mediumtermyn Voorspelling (Mei 2022 tot Augustus 2022)

NOAA Coral Reef Watch Daily 5km SST Anomalies (v3.1) 16 Apr 2022




- El Nino is tans  $-0.9^{\circ}\text{C}$  en verander na  $-0.5^{\circ}\text{C}$  in Julie en bly so tot September.
- Die Indiese Oseaan Dipool (IOD) is tans in 'n negatiewe fase  $-0.4^{\circ}\text{C}$  en verander in Julie tot  $-1.0^{\circ}$  en neem verder af in September tot  $-1.4^{\circ}$ .
- Die Subtropiese Indiese Oseaan Dipool (SIOD) is tans neutraal maar verander na negatief teen September.
- Dit sal nie 'n groot invloed op die winterreënvalstreek se weer hê nie maar sal in die vroeë somer bydra dat donderweer aanvanklik verder wes as normaal sal ontwikkel.
- Kanse is dus goed dat die westelike binneland in die vroeë somer natter as normaal sal wees.

## Weer gedurende Mei 2022.




- Tans is daar 'n 30% moontlikheid dat Namibië, Botswana en die westelike binneland droër as normaal in Meimaand sal wees.
- Verder is daar 'n 50% moontlikheid van droër as normaal teen die weskus.
- Dit sê egter nie dat die Weskus heeltemal droog sal bly nie want beramings wys dat daar ten minste drie noemenswaardige kouefronte gedurende Mei oor die Kaap sal inkom.
- Verder verwag ons die eerste ryp in die oostelike binneland êrens in die middel van Mei.
- Die moontlikheid van sneeu oor die Bolandse berge en hoër liggende dele van die Oos-Kaap is nie uitgesluit nie.

## Weer gedurende Junie 2022.




- 30% moontlikheid van droër weer in die westelike binneland en 50% kans vir droër as normaal in die noordweste van die Noord-Kaap.
- Kouefronte sal in Junie aanvanklik flouër inkom met die meeste reën oor die Overberg en Suid-Kaap.
- Teen die middel van die maand egter sal 'n paar kouefronte sterker deurkom en ook binneland toe koers kry.
- Buiten reën in die suidweste sal dit ook koue weer met moontlikheid van ryp veral oor die oostelike binneland bring.
- Na dit egter sal die laaste deel van Junie relatief droog bly met flouër kouefronte wat opdaag.

## Weer gedurende Julie 2022.




- 30% moontlikheid van droër as normaal oor Namibië en 50% kans vir droë weer in die noorde van die Noord-Kaap. Gauteng kan op hierdie stadium ook droër as normale weer verwag.
- Alhoewel ons na aan normale reën oor die Winterreënvalstreek verwag sal meer kouefronte opdaag maar dit sal nie sterk stelsels wees nie. Minder reën maar meer gereeld dalk.
- Verder behoort oggend temperature in die binneland meer draaglik te wees met 'n kleiner kans vir ryp as ander jare gedurende Junie.

## Weer gedurende Augustus 2022.



- Teen Augustus is daar ‘n breë strook oor die sentrale binneland met omtrent ‘n 30% moontlikheid van droër as normale toestande.
- Die Wes-Kaap en die Oos-Kaap kusgebied behoort ‘n 30% kans vir natter as normale weer te hê.
- Ons verwag dus ‘n Paar sterk fronte wat in Augustus sal opdaag. Dit sal koue en nat weer oor die Kaap bring en ook kouer as normale oggende in die Oos-Kaap se binneland.

## Temperature Mei tot Augustus 2022.



- Modelle voorspel op hierdie stadium kouer as normale toestande gedurende die hele winter in die Suidweste asook die westelike binneland terwyl warmer as normale weer in die noorde verwag word.
- Wolklose weer in die noorde sal egter warmer as normale weer gedurende die dae bring maar die kwik sal a.g.v. aardstraling terselfdertyd kou nagte bring.
- Dit sal relatiewe droë koue wees met minder kans vir ryp maar gedurende die middel van Junie veral is daar moontlikheid van swartryp in die oostelike binneland.

Opsteller : GM Hugo (Onafhanklike Weervoorspeller)